

7 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:8-13

Die liefde: God se gawe vir altyd

In vers 8-13 van 1 Korintiërs 13 maak Paulus 'n aantal slotopmerkings oor die ware liefde. Met hierdie gedagtes wil hy nie die hoofstuk toesluit nie, maar die deure vir altyd oopstoot. Ondanks die tydelikheid en verganklikheid van alles sê Paulus dat die liefde nooit vergaan nie, want die liefde is God se grootste gawe. God is liefde en dus moet die liefde ook die karakteristieke eienskap van God se kinders wees. Die kernuitspraak van verse 8-13 is die eerste gedeelte van vers 8. Paulus gebruik vir die begrip "vergaan" 'n woord wat gebruik is om die val van 'n blom te beskryf. Goddelike liefde is in teenstelling met 'n blom wat vergaan van nature permanent.

Liefde wen nie altyd nie. Dink aan Jesus. Ondanks sy volmaakte liefde is Hy verag, verwerp en gekruisig. Tog is liefde die binding wat God ons gee met sy ewige Self. Onthou, God se liefde vir jou is permanent, van die krip tot die kruis.

Hoe lyk dit met jou liefde?

Moet nie dat jou liefde wegsterf, val of verdwyn nie. Dit geld jou liefde vir God én jou liefde vir mense. Die liefde vergaan nimmermeer. Dit neem die gedaante van die ewigheid aan. Waarteen word daar vandag meer gesondig as teen die liefde? Tog vergaan dit nooit nie. Help jy hiertoe mee of werk jy dit teë?

Sing: Skrifberyming 21:1,2,3 Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)